

GRAAD 12 GEDIG 4
Huiskat – Elisabeth Eybers

A INLEIDING

Katte het al vir duisende jare 'n besondere invloed op mense. Hoewel katte liefde vir die mens kan wys, bly hulle 'n eenaardige (*unique*) mengsel van onvoorspelbaarheid (*unpredictability*) en individualiteit. Hulle is selfgenoegsaam (*self-sufficient*) en steur hulle dikwels min aan hulle eenaars, soos ook in hierdie gedig gesien kan word.

- Het jy 'n kat as troeteldier? Hoe voel jy oor jou kat?
- Vertel aan die klas watter gewoontes (*habits*) jou kat of ander katte het.

B ONTLEDING

1. **Alliterasie:** “Die kat strek hoog op vier strak bene” (Versreël 1)
2. **Assonansie:** “sal steeds eenselwig, alle teerheid stuit” (versreël 12)
3. **Enjambement:** Versreëls 1, 3, 5, 6, 8,9 en 13; daar is geen leestekens aan die einde van die reëls nie, dit laat die gedig vloei. Die leser kan die lui, aaneenlopende bewegings van die huiskat visualiseer – ons kan “sien” hoe soepel, grasieus die kat in die eerste kwatryn beweeg wanneer sy haar kop afbeweeg om haar lies te lek.
4. **Eufemisme:** “reggemaak” (versreël 10)
5. **Metafoor:** Die kat se oë is “agaat” (versreël 6). Die oë lyk nie soos agate nie, hulle is agate.

6. **Vergelyking:** Die kat beweeg “soos ’n blink reptiel”
7. **Tema:** Die gedrag (*behavior*) van ’n kat.
8. **Uiterlike bou:** ’n Italiaanse sonnet
Oktaaf: agt reëls (of twee kwatryne van 4 reëls elk)
Sestet: ses reëls
Rymskema: abba / cddc / eff / ggh
9. **Innerlike bou:** die twee kwatryne beskryf die kat. In die sestet word daar van die uiterlike na die innerlike beweeg: hier word vertel van die kat se interaksie met die mens. Daar is dus toepassing in die sestet.
10. **Titel:** Dit vertel dat die gedig oor ’n huiskat gaan, ’n troeteldier. Daar is nie ’n lidwoord (’n/die) nie, wat vir ons wys dat dit oor die huiskat oor die algemeen handel.
11. **Strofe 1:** ’n kwatryn met die rympatroon: abba.
Alliterasie: “Die kat strek hoog op vier strak bene” (versreël 1); “**buig/behaaglik**” (Versreëls 1 en 2); “dat keel en **h**ors en **h**uik die son kan suig” (versreël 4)
 Die kat se lies word met dié van ’n luiperd beskryf. Daar is ’n aanduiding dat die kat nie eintlik getem (*tamed*) is nie, hy het sy eie persoonlikheid.
 Die strofe is ’n mooi beskrywing van ’n kat wat lui uitgestrek (*stretched out*) in die son lê.
12. **Strofe 2:** ’n kwatryn met die rympatroon: cddc.
 Die lui bewegings van die kat word deur die enjambement nageboots (*imitated*). Die kat se persoonlikheid word verder beskryf; die kat is “sonder siel en anoniem” (reëls 5 en 6).
Alliterasie: “**s**y is **s**onder **s**iel” (versreël 5).
Metafoor: “Smal sterwe van aggaat” (versreël 6). Die kat se oë word beskryf as stukkies van ’n edelsteen (*gemstone*).
Vergelyking: “vloeibaar soos ’n blink reptiel” (versreël 8). Die kat se bewegings word met die van ’n reptiel vergelyk. Wanneer ons aan ’n reptiel dink, dink ons aan iets wat koud is.
13. **Strofe 3:** ’n sestet (6 reëls). Die gedig vloei sonder onderbreking vanaf die tweede na die derde strofe deur die enjambement.
Alliterasie: “van **l**os en **l**enig wees” (versreël 9).
 Die mens het die kat “reggemaak”, ’n **eufimisme** vir die feit dat die kat gesteriliseer is en dus onvrugbaar (*infertile*) is. Wanneer die mens dan die kat probeer streel, loop die kat weg en “kronkel” verby. Hier kom die idee van die reptiel weer na vore, want ’n slang kronkel. Die spreker weet die kat gaan nie reageer nie, want ’n kat is altyd dieselfde (“eenselwig”, versreël 12). Tog probeer die spreker toenadering (*rapprochement, make advances*) soek. Dit is moontlik dat die kat ’n **metafoor** van ’n mislukte verhouding (*failed relationship*) is.

C WOORDVERKLARINGS

1. **Agaat** (*agate*): ’n harde halfedelsteen
2. **Angs** (*abquish*): bekommerd wees
3. **Anoniem:** naamloos

4. **Arglistig** (*cunning, crafty*): slim, skelm
5. **Bahaaglik** (*pleasantly*): gamaklik, genoeglik
6. **Behoedsaam** (*cautious*): versigtig
7. **Blink reptiel**: so glad en blink soos 'n slang
8. **Buik** (*belly*): pens
9. **Eenselwig** (*reserved, solitary*) teruggetrokke, afsydig, na binne gekeer (introvert)
10. **Ekstase** (*ecstasy*): baie bly
11. **fluwelig**
12. **Gelaat** (*face*): gesig
13. **Greep** (*grasp*)
14. **Kronkel** (*wiggle*): (draaie maak)
15. **Lenig** (*supple*): buigsaam, soepel
16. **Lewe voortbring** (*give life*): geboorte gee
17. **Luiperdlies** ("*lies*" -*flank*): die kat word met 'n luiperd vergelyk
18. **Reggemaak** (*spayed, sterilized*): die kat kan nie meer kleintjies kry nie
19. **Reptiel** (*reptile*)
20. **Smaak** (*relish*): geniet, ondervind
21. **Strek** (*stretch*): uit rek
22. **Stuit**: stop
23. **Smalend** (*scornful, contemptuous*): minagtend
24. **Strak** (*grim, severe*): hard, amper ongevoelig
25. **Teerheid** (*tenderness*): sag, gevoelig
26. **Veearts** (*vet*): dokter vir diere
27. **versadig**